# Naam: ___________

## Begripstoets

LeerAfrikaans123

# Torrie Tortelduif en Mier

Marlene van der Berg

4/3/2012

**Geskik vir Afr. Huistaal of Afr. 2de Taal**

**Begrip en spel**

**Vraag 1**

| TORRIE TORTELDUIF EN MIER |
|---|

Een oggend baie vroeg toe die lentesonnetjie sy eerste strale tussen die blare laat deurskyn, besluit Torrie Tortelduif om vir sy nooientjie, Koerie, te gaan kuier. Hy vlieg dadelik af na die rivier waar Koerie in 'n groot Wilgerboom bly. By die rivier gekom gaan sit Torrie op 'n takkie naby aan die water. Torrie sien vir Emma Mier oor die grond skarrel na die waterpoel Hy groet vrolik. "Môre, Emma Mier! Is dit nie 'n heerlike, sonnige lenteoggend nie."

Emma Mier is egter so dors dat sy net by die water wil uitkom. Sy knik net haar kop en haas haar na die poeletjie water om haar dors te les. By die water gekom begin sy gulsig water te drink. Die wind waai die water sulke klein golfies en die volgende oomblik is Mier binne in die water. Sy begin benoud te gil en te skree om hulp. Torrie Tortelduif het Emma die heeltyd dop gehou en hy sien dat sy in gevaar is om te verdrink. Hy pluk vinnig 'n blaar af en laat dit in die water val. Die blaar val reg voor Emma en vinnig klim sy tot bo-op die blaar.

Torrie het vinnig nader gevlieg en die blaar aan sy steel opgetel en met mier na veiligheid gevlieg. Sy was baie dankbaar, want sy het amper verdrink. Emma het Torrie bedank en het teruggegaan na die miershoop. Torrie het vir sy nooi gaan kuier. 'n Paar weke later sit Torrie en broodkrummels oppik onder 'n boom. Emma en haar maats hardloop heen en weer om ook van die broodkrummels na die miershoop te dra.

Net toe Emma Mier so entjie weg is, sien sy 'n stoute knaap met 'n net. Hy is besig om Torrie te **bekruip** om hom te vang. Emma Mier sien die voëlvanger is kaalvoet. Sy byt vir hom aan sy **hakskeen**. Dit was nie 'n vreeslike seer byt nie, maar dit was die beste wat sy kon doen. Die seun spring egter van verbasing in die lug op en laat val sy net. Torrie skrik vir die skielike beweging en vlieg vinnig weg. So het Emma Mier vir Torrie van die voëlvanger gered. Een goeie daad verdien 'n ander.

<u>**368 Woorde**</u>

Bekruip - stalk hakskeen - heel

Begripstoets

***BEANTWOORDE DIE VOLGENDE VRAE IN VOLSINNE.***

1. Waar woon Torrie Tortelduif se nooi, Koerie?

______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________(1)

2. Watter tyd van die dag het Torrie besluit om vir sy nooi te gaan kuier?

______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________(1)

3. Waar het Torrie gaan sit, toe hy by die rivier gekom het?

_____________________________________________________________

_____________________________________________________________

_____________________________________________________________(1)

4. Vir wie het Torrie vrolik gegroet?

_____________________________________________________________

_____________________________________________________________

_____________________________________________________________

_____________________________________________________________

_____________________________________________________________ (1)

5. Het Emma Mier ook vir Torrie gegroet? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____________________________________________________________

_____________________________________________________________

_____________________________________________________________

_____________________________________________________________(2)

6. Hoekom was Mier so haastig?

_____________________________________________________________

_____________________________________________________________

_____________________________________________________________

_____________________________________________________________(1)

7. Van watter seisoen word hier gepraat?

____________________________________________________________(1)

8. Hoe het Emma Mier in die water beland?

____________________________________________________________
____________________________________________________________
____________________________________________________________
___________________________________________________________(1)

9. Wat het Torrie gedoen om Mier te help?

____________________________________________________________
____________________________________________________________
____________________________________________________________
____________________________________________________________
____________________________________________________________(1)

10. Wat het Mier gedoen toe sy sien dat die seun Torrie bekruip?

____________________________________________________________
____________________________________________________________
____________________________________________________________
____________________________________________________________
____________________________________________________________(1)

11. Watter woord in die storie sê vir ons dat die seun sonder skoene was?

_________________________________________________________(1)

12. Hoe beskryf Torrie die lenteoggend?

__________________________________________________________

_________________________________________________________(1)

13. Skryf nou jou eie sin wat die lenteoggend beskryf. Gebruik twee ander byvoeglike naamwoorde (adjectives) wat nie in die leesstuk gebruik word nie.

__________________________________________________________

__________________________________________________________

__________________________________________________________

_________________________________________________________(2)

14. Soek twee eiename (proper nouns) in die leesstuk en skryf dit hieronder neer.

a) ________________________ b) ______________________ (2)

15. Soek twee werkwoorde (verbs) in paragraaf twee.

a) _________________________ b) ________________________ (2)

16. Voltooi nou die volgende sin deur die gepaste werkwoord in te vul op die oop spasie.

Hy ____________________ sy honger. (1)

**<u>Begripstoets totaal</u>**: 20 punte